Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

eNuus in kort

Kliek op die video of volg die skakel: https://youtu.be/G2JI5M8tqJg

Sondag by Wapadrant

Sondag 9 Maart 2025

- Daar is Sondag twee eredienste: 08:30 en 10:00.
- Beide eredienste word gelei deur dr Rassie Smit.
- Die liefdegawe word as volg verdeel:

Algemeen:

- Dr Peet Vermeulen se siekverlof is verleng tot 10 Maart 2025.
- Ds Marcel Floor is in Australië van 22 Februarie tot 8 Maart as deel van die Deputate Kerkgroei.

Preekstoel opname

Die Kerkraad het versoeke ontvang om die verhoog area te vergroot en om meer plek te maak vir funksies. Een van die opsies is om die bestaande preekstoel te verklein of te verwyder. Ons hoor graag wat lidmate se opinie is en sal dan dienooreenkomstig ‘n kosteberekening doen.

Voltooi asb. die opname deur een van die volgende opsies te volg:

Voltooi die vraelys aanlyn

Instruksies:
Kliek op die knoppie links. Tik jou naam in en kliek in die blokkie wat ooreenstem met jou keuse. Kliek op ‘Submit’.

Laai die .pdf af

Instruksies:
Kliek die knoppie links. Sodra die lêer oopmaak kan jy kliek op E-sign. Kies die teks knoppie en tik jou naam in. Kies die regmerkie en kliek in die blokkie wat ooreenstem

met jou keuse. Stoor die pdf en epos dit aan gawie@gkwapadrant.co.za

Gedrukte vraelyste sal ook in die portaal beskikbaar wees.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Dirk Olivier wat Dinsdag ‘n skoueroperasie ondergaan het.
- Cina Myburgh wat volgende week ‘n knievervanging ondergaan.
- Almal wat ongesteld is.

Hartlik geluk aan:

- André en Monique Pietersen met die geboorte van hul dogtertjie.
- Anthon en Carike Raubenheimer met die geboorte van hul seuntjie. Jan en Elfrieda Meyburgh is sy trotse grootouers.

Gebed vir die week:

Versoek om by die gebedsgroep aan te sluit

Lidmaat Netwerk

Al die advertensies wat voorheen geplaas is in die KwartKrant, is voortaan in die Lidmaat Netwerk beskikbaar: produkte, dienste, poste gevra, poste beskikbaar of sosiale geleenthede buite die gemeente. Besoek die Lidmaat Netwerk om te kyk wat ander bied.

Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur ‘n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

Wat gebeur by Wapadrant?

Sondag 16 Maart: Sprayathon

Ondersteun die Wapadrant Spraython ten bate van CANSA. Daag jou gesin uit om saam met jou jul hare te spuit. Wys jou staal!

Paasfees fondsinsameling

Die Wapadrant Fondswerwingskomitee is opgewonde om mee te deel dat die Paasprogram “Van duisternis tot LIG” op 12 April om 19:00 die lig sal sien. ‘n Puik program deur kunstenaars Theo van Wyk, Petrus Meyer, Michael Jeanrenaud, Braam van Tonder, Zanta Hofmeyr en Jean-Pierre Verster neem ons op ‘n reis vanaf die Pasga wat in Egipte ingestel is, deur Christus se geboorte, instelling van die nagmaal, deur die donker van Christus se kruisdood tot die wonderbare Lig van Sy opstanding. Musiek-items word keurig afgewissel deur voorlesing en hartlike samesang.

Kaartjies sal vanaf Sondag 9 Maart tussen die eredienste in die saal beskikbaar wees, maar indien jy eerder elektronies ‘n kaartjie wil bekom, kan jy vir Esmé ‘n boodskap via WhatsApp stuur. Elektroniese betalings kan na die kerk se bankrekening (Gereformeerde Kerk Wapadrant, ABSA 349 0151 957, Takkode 632 005) gemaak word. Dit moet ook vergesel wees van die korrekte verwysing nl. ‘Naam+van+Pase’. Bewyse kan via WhatsApp aan Esmé gestuur word waarop jy jou kaartjie(s) elektronies sal ontvang.

GKSA Almanak opname

Elke jaar gee die GKSA ‘n bundel uit wat ‘n volledige lys van Gereformeerde gemeentes (insluitend adres, aantal lidmate, predikante en ander statistiek) sowel as ‘n lys van alle Gereformeerde predikante bevat. Dié bundel bevat ook ‘n tweede deel wat Dagstukkies (kort oordenkings met die oog op daaglikse Bybelstudie) bevat.

Die span wat die Almanak uitgee, het 'n versoek ontvang om die dagstukkies apart van die gemeente inligting beskikbaar te stel. Lidmate van alle Gereformeerde gemeentes word versoek om ‘n opname (d.m.v. ‘n Goggle Form) te voltooi.



Voltooi opname

Voorbeeld: Dagstukkie vir 6 Maart 2025

Meer oor eredienste

PREEKROOSTER 2025

DATUM	IDIOOM	TYD	PREDIKER
9 Maart	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Rassie Smit
16 Maart	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Marcel Floor
23 Maart	Kontemporêr	08:30	Marcel Floor
30 Maart (Nagmaal)	Kontemporêr	08:30	Peet Vermeulen

EREDIENSTYE
Tydens skoolkwartale is daar 'n erediens om 08:30 sowel as 'n erediens om 10:00. Gedurende skoolvakansies en langnaweke is daar een gesamentlike erediens om 08:30

IDIOOM
Die Kontemporêre erediens is meer modern en sluit 'n verskeidenheid van instrumente in. Die Klassieke erediens is meer tradisioneel en sluit hoofsaaklik die orrel en ander klassieke instrumente in.

REGSTREEKSE UITSENDING
Tans word slegs die 08:30 erediens regstreeks vir Facebook en Youtube uitgesaai.

Volg eredienste via Youtube

Volg eredienste via Facebook

‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor